Laerskool Bredasdorp Primary School
Buitekant Str, P. O. Box 160, Bredasdorp, 7280 - admin@lbps.co.za - Tel. 028 424 1334 - Fax. 028 425 1112 - www.bredasdorpprim.co.za

Hierdie skoolbeleid stipuleer die reëls en verwagte optrede sodra KOPLUISE opgemerk word.

Indien kopluise of nete (luiseiers) op 'n leerder se kop opgemerk word, sal die leerder na die spesifieke persoon wat deur die skool benoem is om dit te bevestig, gestuur word. Sodra dit bevestig is, sal die ouers/voogde in kennis gestel word en sal die leerder onmiddellik huis toe gestuur word. Die betrokke leerder sal sleg toegelaat word om terug te keer skool toe sodra die voorgeskrewe behandeling suksesvol toegedien, en ALLE tekens van luise en/of nete heeltemal verwyder is. Dit moet deur bogenoemde benoemde persoon bevestig word voordat die leerder kan terugkeer na sy/haar klaskamer.

(Hierdie skoolbeleid is in ooreenstemming met die Nasionale Gesondheidsregulasies)

KRONIESE GEVALLE

Indien bevind word dat 'n leerder se kop konsekwent met luise besmet is, sal die leerder as 'n kroniese geval geklassifiseer word. 'n Kroniese geval is 'n leerder wat drie of meer maande per skooljaar in totaal, of vir ses aaneenlopende weke met luisinfestasies bevind is. Dit is belangrik vir skole om hierdie leerders te identifiseer aangesien hul voortgesette infestasies op ander familie- of sosio-ekonomiese bekommernisse kan dui. Hierdie kroniese gevalle moet aan die Skoolhoof gerapporteer word, wat dit dan ook aan die plaaslike gesondheidsdepartement sal rapporteer.

....
VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM DATUM

.....
SKOOLHOOF